Die 4 Dinge
wat jy
MOET
weet.

Daar is sekere informasie waarmee ons nie deur die lewe kan gaan nie. Sonder ‘n ID boek, wat mense vertel wie jy is, kan jy ampers niks uitrig vandag nie. Jy kan nie toegang kry tot ‘n bank, stem vir ‘n verkiesing of tot ‘n werk sonder informasie van jouself nie. Net so kan jy nie toegang kry tot die Hemel en ewige lewe as jy nie weet wat God sê oor hoe om daar uit te kom nie.

Daarom is daar 4 dinge wat jy MOET weet.

1 **Dat God `n Wonderlike plan het vir jou lewe.** "..Die Here ... is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom..." (2 Pet 3:9)

"..Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê..." (Joh 10:10)

"..Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom." (Joh 3:36)

2 **Dat jou Sonde jou Skei van God** "..maar julle ongeregtighede het ’n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie." (Jes 59:2)

"..want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,.." (Rom 3:23)

"..Want die loon van die sonde is die dood," (Rom 6:23)

3 **Dat God jou liefhet en die Here Jesus reeds die prys betaal het van jou Sonde.** "..Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh 3:16)

"..maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Rom 5:8)

4 **Dat jy die Here Jesus Christus se betaling vir jou sonde moet aanvaar [GLO] as die enigste betaling.** "..As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word, want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding" (Rom 10:9)

"..Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;" (Joh 1:12)

".Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die

Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie." (1 Joh 5:12)

'n Gebed om God te vra vir die reg tot die Hemel en die Ewige lewe

"Hemelse Vader, ek erken dat ek 'n sondaar is en teen U gesondig het. Vergewe my dat ek teen U gesondig het. Ek glo dat die Here Jesus Christus vir my gesterf het op die kruis en opgestaan het uit die dood. Ek bekeer nou van my sonde en in geloof nooi ek Jesus Christus in my hart as my persoonlike Saligmaker. Ek is gewillig, deur U krag om U te volg en gehoorsaam as die Here van my lewe. Amen.

As jy besluit het om Jesus Christus as jou Saligmaker aan te neem na jy dit gelees het skryf terug aan ons en laat ons weet.

Naam _____

Adres _____

Kode _____

FELLOWSHIP TRACT LEAGUE
P.O. BOX 164 • LEBANON, OH 45036
www.fellowshiptractleague.org © Tract 8726 (Afrikaans)
All tracts free as the Lord provides. Not to be sold.